Libere Foundation

NPO: 080018

Kleur jou Wêreld...

Ontwerp vir werk kompetisie 2011

INSKRYWINGSVORM

Persoonlike besonderhede:

Van:……
Naam:……
Graad:……
Skool/Tersiêre fasiliteit:……
Tel.nr……
Identiteitsnommer:……
Woonadres:……
……
Poskode:……
Posadres:……
Tel. nr:…… selnr……
Epos:……
Indien as groep inskryf-name en ID nrs van groeplede:
……
……
……

Besonderhede van jou produk:

Naam van produk:……
Materiaal gebruik:……
Bron van materiaal:……
Kort beskrywing van jou produk:……
……
……
……
Hoogte:…… Wydte:……
Beskryf die estetiese inspirasie en funksionaliteit van jou ontwerp:……
……
……
……
Waar het jy van die Ontwerp vir werk Kompetisie gehoor?……

KONTROLE: Merk met 'n X

Is jou produk handgemaak ?	…..
Is jou produk van weggooi/afvalmateriaal?	……
Is die materiaal van 'n volhoubare bron?	……
Is die materiaal gratis beskikbaar?	……
Is jou produk duidelik gemerk?	……
Het jy die vorm volledig ingevul?	……
Het jy sketse van jou produk aangeheg by hierdie vorm?	……
Het jou ouer/voog die vorm geteken?	……

Jou inskrywing sal nie oorweeg word indien dit nie aan al die vereistes hierbo voldoen nie

Jou inskrywingsvorm, sketse en **foto's** van jou produk moet gepos word na Posbus 426 George 6530.

Ek, die ondergetekende, ouer/voog van ……verklaar dat die produk sy/haar eie werk is en dat hy/sy ten volle verantwoordelik is vir die konsep en ontwerp van die produk. Ek verstaan en aanvaar die reëls en regulasies van die kompetisie en verbind my tot die verdere ontwikkelling, bemarking en verkoop van die produk deur Libere Stigting.

Naam in blokletters:……
Handtekening van ouer:……

Handtekening van deelnemer:……

Datum:……

Libere Foundation

NPO: 080018

Kleur jou Wêreld...

RIGLYNE VIR INSKRYWING:

Is jy iemand wat altyd 'n duisend idees en planne het? Glo jy ook dat kreatiewe, talentvolle mense 'n verskil kan maak in die lewens van ander wat bitter swaar kry? Skryf in en dalk word jou ontwerp gekies om vervaardig, verkoop en bemark te word. Jy kan wonderlike pryse wen en boonop ander bewus maak van die belangrikheid van herwinning, hergebruik en armoedverligting in ons land.

Die opdrag
Ontwerp'n produk of oppervlak van afval, weggooi-materiale of optelgoed wat deur werklose mense vervaardig kan word.
Stuur jou inskrywingsvorm, sketse en foto's van jou produk voor 15 Julie 2011 na Posbus 426 George, 6530.

Riglyne en wenke:
-Jy moet 'n produk of oppervlak ontwerp en maak wat funksioneel is en boonop moet dit só interessant en pragtig wees dat die verbruikers daar buite dit sal begeer en wil koop.
-Jou produk/oppervlak moet handvervaardig kan word deur werklose mense.
-Dit moet gemaak word uit materiale wat beskikbaar is uit jou omgewing. Jy kan enigiets gebruik. Jy kan afval stukke lap, papier, plastiek, hout en draad gebruik. Jy kan selfs ou kledingstukke, gordyne en stoffeerlap gebruik. Jy moet net seker maak dat daar altyd 'n bron sal wees waarvan jou produk vervaardig kan word. Dit moet verniet wees.
-Die vervaardigingsmetode -hoe en wat jy gebruik het, moet ook skriftelik verduidelik word.
-Kunsvlyttegnieke soos brei, hekel, weef en borduur is deesdae hoogmode en dit is maklik om werklose mense in hierdie tegnieke op te lei.
-Deelnemers word aangemoedig om individueel en nuut te skep.
-Finaliste se produkte moet deeglik en veilig verpak word.
-Deelnemers mag so veel produkte as hul wil, inskryf, maar elkeen moet vergesel wees van 'n inskrywings-vorm.
Indien 'n groep deelneem moet alle name en IDnommers van groeplede op die inskrywingsvorm aangedui word. Prysgeld word gedeel tussen groeplede indien hul produk as wenner aangewys word.
Kriteria van beoordeling: Keuse van materiale, innovasie en voorkoms en kommersiële lewensvatbaarheid en funksionaliteit.

ALGEMENE INLIGTING
-'n Eerste seleksie van produkte word gedoen met die foto's wat ingestuur word.
-Die geselekteerde inskrywings sal deur 'n paneel beoordelaars, saamgestel uit professionele persone in die veld van Ontwerp, beoordeel word.
-Die finaliste en wenners sal deur hierdie persone aangewys word.
-Finaliste se produkte moet, op eie onkoste, verpak en na George gestuur word. Dit moet ons voor 10 Augustus bereik.
-Die wenontwerpe word die eiendom van Libere Stigting.
- Die finaliste en wenners sal deel uitmaak van die uitstallings tydens die Libere Kuns, Dekor en mode-fees op 12 en 13 Augustus 2011.
-Wenners word tydens die banket op 13 Augustus 2011 aangekondig.

PRYSE: PNA

Gr. 10-12	Gr.6-9
1ste Prys:R2500	1ste:R1500
2de Prys:R2000	2de:R1000
3de Prys:R1500	3de:R500
4de Prys: R1000	

Skoliere grade 9-12 en studente:
PNA Oudtshoorn : **Beste mode produk: R2500**
Robin's Nest : Beste Dekor produk: **R2500**
De Steyl: Beste meubelontwerp/produk van afvalhout: **R2500**
The Girls restaurant/curios: Beste juweliersontwerp: **R3000**
Beste gr4-5 inskrywing**: AI Plumbers: R500**
Beste inskrywing-gestremde persoon: **Agricol George:R500**

REëLS EN REGULASIES
-Die kompetisie is oop vir alle Suid-Afrikaanse burgers wat in 2011 skoolgaan of studeer aan tersiêre instelling in SA.
-Die kompetisie strek van 10 Februarie 2011-15 Julie 2011.
-Om in te skryf moet jy 'n handgemaakte produk ontwerp wat funksioneel en esteties aantreklik is en van afval of weggooimateriale vervaardig is.
-Die sluitingsdatum vir inskrywings en nodige dokumentasie is 15 Julie 2011.
-Finaliste sal aangekondig word die laaste week van Julie 2011. Wenners sal aangewys word tydens die Libere banket op 13 Augustus 2011.
-Die wenners van Ontwerp vir Werk 2011 sluit 'n 'Royalty Agreement' met Libere Foundation vir 'n periode van 4 jaar. Alle eiendomsreg, patentreg, kopiereg en enige ander verwante regte met betrekking tot die produk ontwerp sal vestig in Libere Stigting.
-Geen laat inskrywings sal onder enige omstandigehede aanvaar word nie.
-Die beoordelaars se besluit is finaal en geen korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.

Handtekening van ouer/voog:
……
Handtekening van deelnemer:……..

Datum:……..